# BScHons Omgewingsgesondheid (10244026)

| | |
|---|---|
| **Duur van studie** | 1 jaar |
| **Totale krediete** | 120 |

## Programinligting

Die volgende vereistes word gestel:

- Gevorderde onderrig by wyse van selfstudie en lesings.
- 'n Student moet die module TNM 800 Toegepaste navorsingsmetodologie slaag 800.
- 'n Student moet die module PHM 770 Studie in openbare gesondheid slaag 770.
- 'n Student moet ‘n navorsingsverslag (of projek) ter waarde van minstens 30 krediete slaag.

## Toelatingsvereistes

- ’n Kandidaat moet in besit wees van ’n baccalaureusgraad, wat volgens die oordeel van die departementshoof aanvaarbaar vir die voorgenome studie is, of 'n gelykwaardige kwalifikasie wat volgens die Senaat aanvaarbaar vir die voorgenome studie is, met ten minste een toepaslike biologiese vak as hoofvak.
- departementshoof: Met dien verstande dat ’n student wat ’n gemiddelde van minder as 60% in sy of haar hoofvakmodules in die finale studiejaar van die baccalaureusgraad behaal het, slegs met **goedkeuring van die Dekaan**, op aanbeveling van die departementshoof, tot studie toegelaat kan word. Bykomende vereistes kan deur die departementshoof gestel word.

## Ander programspesifieke inligting

Studente wie in omgewingsgesondheid wil spesialiseer moet vir die modules ENV 785 en GGY 789 registreer, wat OH 771 en EOH 772 sal vervang.

## Eksamens en slaagvereistes

i. Al die individuele modules in elke studierigting moet met 'n punt van minstens 50% elk geslaag word voordat ‘n student in die studierigting kan gradueer.
ii. Elke studierigting het 'n spesifieke, ekstern gemodereerde, summatiewe assessering wat ook geslaag moet word voordat die student kan gradueer.

## Slaag met lof

Die graad word met lof toegeken aan 'n student wat 'n gemiddelde van minstens 75% in die summatiewe assessering, asook 'n gemiddelde van 75% vir die oorblywende komponente van die kurrikulum (dws uitsluitende die summatiewe assesseringspunt) behaal het.

# Kurrikulum: Finale jaar

**Minimum krediete: 120**

## Kernmodules

Bestuur van beroepsgesondheidsdienste 773 (HCM 775) - Krediete: 10.00
Beroepsgesondheidsreg 772 (HCL 772) - Krediete: 10.00
Toegepaste navorsingsmetodologie 700 (TNM 700) - Krediete: 0.00
Omgewingsverandering 789 (GGY 789) - Krediete: 15.00
Omgewingsgesondheid eksamen 774 (EOH 774) - Krediete: 0.00
Studie in openbare gesondheid 773 (PHM 773) - Krediete: 5.00
Basis van omgewingsgesondheid 772 (EHM 772) - Krediete: 5.00
Inleiding tot omgewings- en beroepsgesondheid 775 (EOH 775) - Krediete: 10.00
Navorsingsprojek: Beroepsgesondheid 771 (AOH 771) - Krediete: 30.00
Environmental assessments 785 (ENV 785) - Krediete: 15.00
Beginsels van beroepshigiëne en toksikologie 771 (OHT 771) - Krediete: 10.00
Gesondheidrisikobepaling 773 (EHM 773) - Krediete: 10.00

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as 'n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.